NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Onderrig- en Leerbeleid van die NWU

Verwysingsnommer	8P
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Onderrig-leer en Adjunkhoof
Beleideienaar	Direkteur: Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling
Verantwoordelike afdeling	Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	22 Junie 2007
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2011
Webadres van die beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index_a.html
Adres op die beleiddatabasis	HSCAVDM r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8p-tl_a.docx

Onderrig- en Leerbeleid van die NWU

1 Aanheg

As ‘n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met ‘n unieke institusionele kultuur gebaseer op die waardes wat deur die Universiteit voorgestaan word, het die Noordwes-Universiteit hierdie Onderrig- en Leerbeleid op 22 Junie 2007 aanvaar.

2 Premis

Die Onderrig- en Leerbeleid van die Noordwes-Universiteit is op die volgende premis gegrond.

> *In ooreenstemming met die Nasionale Onderwysbeleid vir Uitkoms-gebaseerde Onderwys en die vlakbeskrywers van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, is die onderrig- en leerbenadering van die NWU een van gerigte, onafhanklike, uitkoms-gebaseerde studie binne ’n gemengde onderrig- en leeromgewing. Die dosent lei studente om die uitkoms wat uniek is aan ’n program en die saamgestelde modules daarvan te bereik deur aktiewe leeraktiwiteite wat geskik is vir die outonomievlak wat van studente op ’n spesifieke studievlak verwag word.*

3 Doelwitte van die Beleid

3.1 Om te verseker dat onderrig en leer voldoen aan nasionale statutêre kriteria vir doeltreffende uitkoms-gebaseerde onderwys in die Hoëronderwyssektor, soos deur Wet 101 van 1997 bepaal, die Kriteria vir Programakkreditering (HEQC, 2004), die Konsep- Nasionale Kwalifikasieraamwerk (SAQA, 2004) en die Konsep- Hoëronderwys Kwalifikasieraamwerk (HOKR) (Department of Education, 2006).

3.2 Om uitvoering te gee aan die Missiestelling van die NWU: “*Afgeronde graduandi wat daartoe in staat is om lateraal en krities te dink en die land en sy mense te dien, deur middel van gehalte-onderrig en -leer te ontwikkel, op te voed en te bemagtig.*”[1]

4 Toepassingsomvang

Die Beleid is op alle onderrig- en leerprogramme van die NWU van toepassing, ongeag die modus. Die Onderrig- en Leerbeleid moet gelees word saam met die Assesserings- en Modereringsbeleid van die NWU.

5 Belangrikste Beginsels

5.1 Die Beleid en alle onderrig- en leerpraktyke ondersteun die Vissie, Waardes, Missie en spesifieke doelwitte van die Universiteit.

5.2 Die nasionale uitkoms-gebaseerde onderrig-, leer- en assesseringsbenadering word in alle voorgraadse en onderrigte nagraadse programme toegepas.

5.3 Alle kwalifikasies word as programme en kurrikula wat uit modules bestaan, ontwikkel. Die module uitkomste van elke module voldoen aan die standaard wat deur die relevante NKR-vlakbeskrywer voorgeskryf word.

[1] Kyk Institusionele Plan 2007-2009, Bylae B

5.4 Die ontwikkeling en kurrikulering van programme, op nagraadse vlak in besonder, word deur navorsing ondersteun.

5.5 Programme word intern en ekstern ooreenkomstig die Kwaliteitsbeleid van die NWU geëvalueer aan die hand van goedgekeurde instrumente en volgens 'n rolplan.

5.6 Programme word gereeld hersien om toepaslikheid te verseker en dat aan die eise van plaaslike, streeks- en nasionale behoeftes voldoen word.

5.7 Programme word op die mees koste-effektiewe en toeganklike wyse moontlik aangebied, sonder dat gehalte en akademiese standaarde in gevaar gestel word.

5.8 Die ontwikkeling en aanbieding van programme word deur die oordeelkundige gebruik van geskikte tegnologie ondersteun.

5.9 Die Universiteit verseker dat 'n voldoende aantal (soos deur die dekaan in konsultasie met die Skooldirekteur en/of Navorsingsfokusarea-direkteur gemotiveer) kundige onderrigpersoneel beskikbaar is vir die doeltreffende aanbieding van programme.

5.10 Gestruktureerde ondersteunings- en ontwikkelingsgeleenthede word aan beide studente en akademiese personeel voorsien om die bereiking van die Universiteit se onderrig-leer-doelwitte te bereik, soos in die Institusionele Plan gespesifiseer[2].

6 Beleid

6.1 Toelating tot enige program by die NWU word toegestaan ooreenkomstig die Toelatingsbeleid van die Universiteit, die Algemene Akademiese Reëls en die spesifieke reëls van die Fakulteit. Waar van toepassing, word vrystellingsgevalle ooreenkomstig die Beleid vir die Erkenning van Vorige Leer hanteer.

6.2 Die NWU Gedragskode orden die gedrag van beide personeel en studente.

6.3 Programme word deur middel van 'n saamgestelde modus aangebied, wat 'n kombinasie van aangesig-tot-aangesig-kontak tussen dosent en student, afstandleer en/of e-leer kan insluit. Bywoning van geskeduleerde kontakbyeenkomste is verpligtend, ooreenkomstig fakulteitsreëls.

6.4 Die is die oorkoepelende verantwoordelikheid van die Dekaan van die Fakulteit:

"Om te verseker ... dat toepaslike onderrigprogramme van hoë gehalte wat aan die interne/eksterne gehalteversekeringsvereistes voldoen, toegepas en bestuur word."[3]

6.5 Die beplanning, ontwikkeling, evaluering en bemarking van onderrig-leer-programme van 'n Skool is die direkte verantwoordelikheid van die Skooldirekteur[4]. Hierdie verantwoordelikhede het betrekking of voorgraadse programme sowel as op die onderrig-leer-gedeelte van nagraadse programme (laasgenoemde in samewerking met die Direkteur van die betrokke Navorsingsfokusarea of programbestuurder).

6.6 Elke module van 'n onderrig-leer-program word van 'n Studiegids voorsien wat voldoen aan die beginsels en kriteria soos deur die Studiegids-beleid van die NWU bepaal.

6.7 Voorgeskrewe studiemateriaal van elke module moet geredelik beskikbaar wees, en waar van toepassing moet kopiereguitklaring en verwysing ooreenkomstig die wetlike vereistes geskied.

6.8 Assessering word ooreenkomstig die NWU Assesserings- en Modereringsbeleid en Algemene Akademiese Reëls gedoen.

[2] Institusionele Plan 2007-2009, Bylaag B, Spesifieke Doelwitte 2

[3] Posprofiel: Dekaan, HR/RS.10

[4] Posprofiel: Skooldirekteur, HR/RS.11

6.9 Rekords van summatiewe assesserings (vraestelle, memoranda en antwoorde op vraestelle) word deur die Fakulteit vir ŉ tydperk van minstens 3 jaar na die assesseringsjaar bewaar.

6.10 In ooreenstemming met die Assesserings- en Modereringsbeleid van die NWU is studente geregtig op terugvoer oor alle assessering binne ‘n redelike tyd, met die uitsondering van die finale assessering (eksamen) oor ŉ module, waarvoor terugvoer skriftelik versoek moet word.

6.11 Studentevaluering deur Dosente is verplig om studente in alle modules wat hulle onderrig te evalueer. Die betrokke dosent voer sodanige evaluering minstens eenmaal per semester uit ooreenkomstig die NWU Studenteterugvoer-beleid, deur die evalueringsvraelys wat deur die Viseprinsipaal goedgekeur is, in konsultasie met die Kampusbesture, asook die institusionele en die kampus kantore vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning. Die Skooldirekteur bestuur die uitkomste (en verbeteringsplanne indien nodig) van die evaluerings in sy/haar Skool as deel van die prestasiebestuurstelsel.

Huidige gegewens: AMANDA.VANDERMERWE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8p-tl_a.docx
2010-09-22

Oorspronklike gegewens: Jacoline Jansen van Vuuren(10225676) C:\documents and settings\administrator\desktop\8P-TL_a.doc
22 September 2010

Verwysingsnommer: 8P